

Strofe 4

In die **slotstrofe** word verwys na die oë wat “groter staar”. Die suggestie is dat die vigslyer naby aan die einde is. Selfs sy gesig is so ingevalle dat dit lyk asof sy oë groter as normaal is. Die oë wat “staar” suggereer leweloosheid. Dit is oë waarin geen uitdrukking meer is nie, geen hoop op beterskap; slegs ’n soeke na drie goed: na “raad teen al die skade” aan sy afgetakelde liggaam; na die “genade van sag gaan” – ’n eufemisme vir sterf; en na begrip (“verstaan”). Dit is nie seker wat die “verstaan” is waarna die vigslyer nog soek nie; moontlik ’n antwoord op die vraag “waarom?”. Moontlik begrip vir die feit dat hy verlang om te sterf.

Vrye vers

Die gedig is ’n **vrye vers** met geen vaste rympatroon of strofepatroon nie. Binding word bewerkstellig deur die **herhaling** van woorde wat met mekaar verband hou, soos “takelwerk”, “afgetakel” en “seil”, of “bros” en “brose”. Ook klanke word herhaal in sekere woorde wat rym, soos aan die einde van reël 3 en 4, 6 en 7, 11 en 12, 9 en 13, 15 en 16. Die oorwegend lang **assonansies** (aa, ee) vertraag die tempo van die gedig, gee daaraan ’n weemoedige toon en suggereer die stadige sterwe.

Tema

Die lyding en stadige sterwe van ’n vigslyer maak die dood ’n genade.

Belangrikste elemente

metafoor	Die vigslyer se liggaam word vergelyk met ’n seilskip waarvan die takelwerk besig is om afgehaal te word.
vergelyking	Die vel word vergelyk met “dun seil” wat oor “stokke” lê. Dit suggereer die vervallenheid van die liggaam.
eufemisme	Die verwysing na sterf as “sag gaan”.
assonansie	Oorwegend lang assonansies vertraag die tempo, maak die stemming weemoedig en suggereer die stadige sterwe.

Antwoorde op bl. 82

Toets jousef

Voorbeeldvrae met wenke en antwoorde

1.1 Waarna verwys die “takelwerk” in reël 1?

Wenk: Maak seker wat takelwerk is en besluit dan hoe dit in die gedig gebruik word.

Die takelwerk – die maste en toue en seil van die skip wat “afgetakel” word, met ander woorde losgemaak en verwyder word sodat dit “inplof” of inmekaarval – verwys na die sterwende vigslyer se skelet.

1.2 Watter soort beeldspraak is dit? Verduidelik.

Wenk: Onthou dat jy by ’n metafoor die beelddraer en beeldontvanger moet identifiseer.

Dit is ’n metafoor waardeur die liggaam (beeldontvanger) met ’n seilskip (beelddraer) vergelyk word. Die regop mas van die skip is die ruggraat, die toue die arms en bene, en die seil die vel.

2. Waarom gebruik die spreker “vlees” eerder as “vleis”?

Wenk: Slaan die betekenis van die twee woorde na en onderskei tussen die gebruik en betekenisnuanse van die twee woorde.

Dit is ’n sagter, meer verbewe en digterlike woord as “vleis” en sluit aan by die uitdrukking “die weg van alle vlees gaan” wat beteken om te sterf.